THE HIVE

Amptelike nuusbrief van die Verso Sambreel Aftreefondse **MAART 2015**

Geagte Lid

Die reuse brande wat in die suidelike Skiereiland voorgekom het, het my laat besef dat ons nie die natuur se gang kan voorspel of verander nie, en hoe maklik sulke rampspoedige omstandighede 'n persoon of gesin se lewe vir altyd kan verander. Gelukkig kan óns in die aftreefonds-wêreld besluit hoeveel om by te dra en waar om ons spaargeld te belê. Ons kan ook besluit om nié ons fondsspaargeld in kontant te neem wanneer ons die werkgewer verlaat nie, maar voortgaan om vir aftrede te spaar.

In hierdie nuusbrief kan jy lees oor watter ontwikkelinge om te verwag in 2015 in die Verso Sambreel-aftreefondse. Jy gaan toegelaat word om jou voordeel as 'n opbetaalde voordeel in die Fonds te laat bly en kan die voordeel voor of by aftrede neem. Lede wat uit die Fonds aftree, gaan die opsie kry om 'n annuïteit (pensioen) teen lae koste by Old Mutual te koop. Lede mag egter nog steeds 'n annuïteit van enige ander goedgekeurde versekeraar koop.

Soos ek in my vorige brief genoem het, het die Trustees die Fonds se beleggingstrategie hersien. Daar is besluit om nuwe beleggingsportefeuljes in te sluit en sodoende die opsies uit te brei wat vir deelnemende werkgewers en lede beskikbaar is. Jy kan besonderhede oor die nuwe beleggings-portefeuljes by jou konsultant kry.

Die Minister van Finansies het tydens sy begrotingsrede bevestig dat die Regering op sy aftreehervormingsinisiatiewe gaan voortbou ten einde 'n omgewing te skep waarin alle werknemers gemaklik kan aftree, sonder om op hulle oudag armoede in die gesig te staar. Ons sal jou in toekomstige nuusbriewe op hoogte van hierdie inisiatief hou.

Ek noem altyd hoe belangrik dit is om begunstigde nominasievorms in te vul. Lees asseblief die kort artikel oor sterftevoordele en die noodsaaklikheid daarvan om u vorm in te vul/op datum te hou.

Neem asseblief deel aan ons kompetisie en toets jou begrip van die artikels in hierdie nuusbrief. Jy kan boonop dalk ook 'n prys wen.

Lekker lees!

Brenda Krummeck

Hoofbeampte

WAT IS NUUT IN 2015...

Die Trustees oorweeg altyd maniere om Fondsvoordele te verbeter en dit vir lede maklik te maak om vir aftrede te spaar. Daar is voortdurend praatjies dat daar nie genoeg gespaar word nie – 'n groot bekommernis in ons land. Om lede te help, het ons besluit om die volgende spaaropsies te implementeer waaruit jy kan kies:

- **'n Bewaringskategorie** – wanneer lede die Fonds verlaat, sal hulle die opsie hê om hulle fondsspaargeld as 'n opbetaalde (bewarings-) opsie in die Fonds te hou. Daar is geen voorafbetaalbare gelde/koste nie, en slegs 'n minimale maandelikse administrasiefooi sal betaalbaar wees. Deur hierdie kategorie in te sluit, glo die Trustees dat hulle die bewaring van aftreespaargeld baie vergemaklik.

- **'n Pensioen-annuïteitopsie** – die Fonds het 'n ooreenkoms aangegaan met Old Mutual, een van Suid-Afrika se grootste versekeraars, om lede met aftrede 'n pensioen-annuïteitopsie aan te bied. Lede wat naby aftrede is, sal gereeld pensioenkwotasies saam met hulle voordelestaat ontvang. Die kwotasie sal die bedrag aandui indien hulle geakkumuleerde lidbelang/fondsspaargeld na 'n maandelikse pensioen omgeskakel word. Lede sal derhalwe 'n maklike, voorafgoedgekeurde oplossing hê om hulle aftreespaargeld na 'n maandelikse pensioen om te skakel, deur slegs 'n blokkie op die toepaslike vorm te merk. Die Trustees het laer fooie beding as dié wat betaalbaar is vir pensioenprodukte wat in die handel beskikbaar is. Lede sal egter steeds die opsie hê om enige ander pensioen- of annuïteitverskaffer of 'n produk van hulle keuse te gebruik.

Bogenoemde opsies gee aan lede maklike en goedkoop toegang om óf hulle voordeel te bewaar, óf 'n maandelikse pensioen teen aansienlik verlaagde koste te koop. Hierdie opsies sal in hierdie jaar se kommunikasie aan lede, in meer detail bespreek word.

HERSIENE BELEGGINGSOPSIELYS

Die Trustees hersien voortdurend die Fonds se beleggingsopsies. Hierdie proses het tot die insluiting van nuwe beleggingsportefeuljes gelei. Deelnemende werkgewers en/of lede kan hierdie meer aggressiewe en ander "passiewe" beleggingsopsies. Vra jou konsultant vir meer inligting.

Die nuwe portefeuljes is:

Beleggings-portefeulje	Dit is geskik vir...
Momentum MOM Enhanced Factor 7	Hierdie portefeulje is gerig op lede van 'n aftreefonds in die fase waar hulle beleggings wil akkumuleer. Hierdie portefeulje val in die aggressiewe kwadrant van die Fonds se beleggingsopsielys.
Sygnia Skeleton 60	Hierdie portefeulje is geskik as 'n lid matige risiko verlang en kapitaalgroei oor 'n minimum van drie tot vyf jaar teen die laagste moontlike koste wil bereik.
Sygnia Signature 50	Hierdie portefeulje is geskik vir beleggers wat streef na mediaanopbrengste, minder onbestendigheid in maandelikse opbrengste om maksimum kapitaalgroei te verkry, sonder noemenswaardige risiko van korttermyn-kapitaalverlies.
Investment Solutions Defender Plus	Hierdie portefeulje is ook geskik vir beleggers wat streef na mediaanopbrengste, minder onbestendigheid in maandelikse opbrengste om maksimum kapitaalgroei te verkry, sonder noemenswaardige risiko vir korttermyn-kapitaalverlies.
Momentum MoM Enhanced Factor 4	Hierdie portefeulje is gemik op lede wat naby aftrede is. Hierdie beleggers sal 'n kort- tot mediumtermyn-beleggingshorison hê en is in laer groei en meer defensiewe beleggings belê.



HERSIENE BELEGGINGSOPSIELYS

Lees die volledige artikel in hierdie nuusbrief.

Vir verdere beleggingsnuus besoek www.vurf.co.za

VERSO®
Sambreel Aftreefonds

Sterftevoordele

Waarom is dit so belangrik om 'n nominasievorm in te vul?

Die Trustees versoek gereeld dat lede hulle begunstigde nominasievorms invul of bywerk. Ingevolge die Wet op Pensioenfondse moet die Trustees oor die verdeling van jou sterftevoordeel besluit en al jou afhanklikes moet in ag geneem word.

Afhanklikes kan jou eie gesin (byvoorbeeld gade of kind) wees, of enigiemand anders wat gereeld finansiële ondersteuning van jou ontvang het.

Het jy geweet dat die sterftevoordeel wat uit die Fonds betaal word, nie deel van jou boedel uitmaak nie?

'n Opgedateerde begunstigde nominasievorm is uiters belangrik sodat die Trustees jou algehele gesins- en familie-omstandighede in ag kan neem.

Wat moet jy doen?

Vra jou Menslike Hulpbronnebeampte vir 'n begunstigde nominasievorm. Vul die vorm so spoedig moontlik in en gee dit aan jou Menslike Hulpbronnebeampte terug om dit by die Fonds in te dien.

Onthou asseblief:

indien jou omstandighede verander, soos met 'n huwelik, egskeiding, die geboorte van 'n kind of afsterwe van 'n gesinslid, moet jy 'n nuwe begunstigde nominasievorm invul.

Hoe meer inligting die Trustees het, hoe gouer kan hulle 'n besluit oor die verdeling van jou sterftevoordeel neem en so voorkom dat jou gesin finansieel swaarkry.

GONSWOORD vir Maart

VOORSORGFONDS:

'n Fonds waartoe werknemers (indien die Fondsreëls dit spesifiseer) EN werkgewers bydra, waarvan die totale voordeel met aftrede en bedanking in kontant geneem mag word. Die lid kan met aftrede kies om 'n maandelikse pensioen met die totale voordeel of 'n gedeelte daarvan te koop.

HOE HET JOU FONDS PRESTEER?

Verso Sambreel Aftreefondse: Beleggingsportefeuljes

Portefeuljes	Februarie 2015	3 maande	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Aggressive					
Momentum MoM Enhance Factor 7	3.55%	7.10%	18.24%	21.09%	18.51%
Investment Solutions Performer	2.51%	5.58%	14.77%	19.30%	17.45%
Beleggingsmaatstaf VPI + 6%			10.43%	11.19%	11.09%
Moderate / Aggressive					
Sygnia Skeleton 60	2.62%	6.38%	17.02%	18.60%	17.04%
Investment Solutions Defender Plus [#5]	1.81%	4.68%	13.26%	15.29% [#5]	13.84% [#5]
Sygnia Signature 50	2.72%	6.52%	15.88%	18.09%	15.91%
Beleggingsmaatstaf VPI + 5%			9.43%	10.19%	10.09%
Moderate					
Momentum MoM Enhance Factor 4	2.12%	5.15%	13.73%	13.19%	12.65%
Momentum MoM Target Factor 4	1.46%	4.45%	13.90%	12.70%	n/a
Beleggingsmaatstaf VPI + 4%			8.43%	9.19%	9.09%
Moderate / Conservative					
Sanlam Monthly Bonus	0.92%	2.96%	15.93%	14.71%	12.45%
Beleggingsmaatstaf VPI + 3%			7.43%	8.19%	8.09%
Conservative					
Investment Solutions Banker	0.51%	1.73%	6.98%	6.61%	6.87%
Market Indicators					
FTSE/JSE All-Share Index (ALSI)	4.07%	7.07%	16.14%	19.39%	18.18%
FTSE/JSE SA Listed Property Index	3.16%	12.00%	44.34%	24.99%	22.56%
BEASSA ALL Bond Index (ALBI)	-2.77%	1.94%	15.06%	9.20%	10.24%
SteFI	0.45%	1.54%	6.04%	5.56%	5.81%
MSCI World Index (All Countries)	5.55%	7.26%	17.08%	29.14%	20.46%
Rand/Dollar Movement	0.33%	5.54%	8.48%	16.06%	8.76%
Consumer Price Index (CPI)			4.43%	5.19%	5.09%

1. Alle opbrengste is tydsgeweeg en word met beleggingsbestuursfooie gekwoteer. Alle nettobedrae is op versoek beskikbaar.
2. Die Sanlam Monthly Bonus se bonusse is sonder waarborge en met beleggingsbesuursfooie.
3. Beleggingsopbrengste vir periodes van langer as 12 maande word op jaargrondslag weergegee.
4. Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.
5. Die syfers van Investment Solutions Defender Plus 1, 3 en 5 is teruggetoetste syfers omdat hierdie 'n nuwe portefeulje is wat aangebied word.

Skryf in vir ons kompetisie en jy het die kans om 'n kontantprys te wen!

Vra 'n kompetisievorm aan by jou menslike hulpbronne kantoor.

Belmont Office Park, Twist Straat, Bellville. 7530 Posbus 4300, Tyger Valley, 7536
021 943 5300 021 917 4600 info@vurf.co.za www.vurf.co.za

RAAD VAN TRUSTEES:
Me W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr S Kennard (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Adv C Franken (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Breytenbach (Verso-aangestelde Trustee), Mnr E Thomson (Verso-aangestelde Trustee),
Me Brenda Krummeck (Hoofbeampte)

VRYWARING:
Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.

VERSO® Sambreel Aftreefonds